VEG OF VLUG IS JOU KEUSE

Uit John se Brentonpen

Dit was nogal in die tyd toe Ford en 'Chev' die groot toeters was in die wielebedryf. Lewendige radio uitsendings beskryf stoei, boks en rugby. Transvaal en Wee Pee, legendes soos Frik du Preez se bewegings kon gevolg en luidkeels vertolk word. Elvis Presley se ruk en rol musiek maak opgang, tog bly gekookte middagetes Sondae amper verpligtend. Die eerste man in die ruimte het nie soveel sensasie en plesier verwek as die koms van die mini rokkie nie. Dankie tog die mini het die lot van hoede, naat kouse en vulpenne vrygespring wat nou met fossiele meeding om blyplek in museums.

Was die waarheid toe fiks en seëvierend, en die leuen slegs 'n vae bedreiging sonder speelkans? Of was dit dalk andersom?

Ouboet kan nie kla nie. Volleerd met matriek en nuutgekose diaken. Met sy witjas en bril lyk hy al na 'n wetenskaplike al is hy net halfpad met sy korrespondensie graadkursus. Boonop kry hy die jawoord by aanvallige Marilie. Na hulle troue, 'n kerksaalonthaal, wittebrood in Durban word 'n enkel slaapkamer woonstel hul basis waarvandaan die getroude lewe ontrafel word.

Met hul enigste voertuig, sewe jaar oud met vernieude enjin is Ouboet elke dag by die laboratorium afgelaai. Marilie ry middedorp toe waar sy werksaam was in die spaarafdeling van 'n bekende bankgroep. Tjailatyd ry Marilie terug, laai Ouboet by die laboratorium op en stuur wiele woonstelwaarts.Die getroude lewe kom op dreef, verhoudinge vlot, sorge is min. Aanpassings in lewenswyse word meesal in die hart verwerk, versoekings sukkel om kans te kry.

Sowat 'n jaar later ontdek Ouboet se jonger broer, Bertus, daar's 'n kwaai konflik tussen sy toekomsverwagtinge en skoolgaan. Die skool kry die trekpas en Bertus begin as 'n 'eppie' om eendag ambagsman status te verwerf .

Die weeklikse loon was nie juis opwindend nie. Gelukkig kon hy sy kontant redelik moeiteloos bekom – want sien sy skoonsussie werk (mos toevallig?) by die selfde bank waar hy sy spaarrekening geopen het. Onthou net destyds was daar nie bederf goeters soos internet, OTM of selfone nie. Baie werkgewers het salarisse slegs by die bank beskikbaar gestel. Jy moes daarheen ry, gaan toustaan, om kontant te kry. Dit is nou tensy jy 'n '*contact*' gehad het.

'n Roetine het ontstaan waarin Bertus Donderdagaande sy blou spaarboekie en voltooide ontrekkings strokie vir Marilie gebring het. Sy het dan stiptelik Vrydag die geld getrek. Ná werk het Bertus gewoonlik by die woonstel aangedoen sy geld en spaarboekie kom haal. Om te sê aangedoen oordryf ietwat – dit was 'n blitsbesoek. Die roetine het lekker gewerk sonder enige haakplekke wat vertroue en verhoudings op die spel kon plaas.

Soos seker vandag nog, was veral Vrydagaand en Saterdag uitgevind om te jol en te leef... en tyd is nog altyd skaars. Natuurlik was die inry-teater ’n groot aanloklikheid. As jy ’n dubbelvertoning of selfs ’n rilleragtige middernag vertoning met die regte metgesel kon vermag – kry gedagtes vry teuels en moontlikhede vermenigvuldig.

Dié Donderdag na werksure woon Ouboet en Marilie ’n funksie by. Met hulle tuiskoms – later die aand merk hulle iets blou wat onder die deurmatjie uitsteek. Dit is natuurlik Bertus se blou spaarboekie en netjies binne in gevou ’n behoorlik voltooide ontrekking strokie. Geen probleem, Marilie weet wat verwag word. Sy plaas die items sorgvuldig in haar handsak sodat sy die gewone taak die volgende dag kan verrig.

Vrydagmiddag. Ouboet en Marilie was nog besig om die voordeur oop te sluit. Bertus se aantog word aangekondig deur ’n brullende uitlaatpyp bravade, wat toeneem in volume.

‘O, my hemel’, roep Marilie benoud ‘Ek het vergeet om Bertus se geld te trek. Dit was ’n mal dag. Wat nou?’

Ouboet se voorkop verplooi – laboratoriumwerk toets en oefen mos die denke.

‘Hoeveel kontant het ons’? wil hy weet.

Marilie, vroetel in haar handsak, ontdek haar beursie, tel met bewende vingers die inhoud.

‘Nie naastenby genoeg nie’, prewel sy paniekerig, ‘Bertus gaan omgekrap wees. Hy sal dink ek wil nie meer sy geld trek nie! ‘ Haar stem bewe van benoudheid.

Ouboet besef dis enkele sekondes voor Bertus instap. Dis ’n penarie! Of ... wag, ja ... briljant ... dié plan is onfeilbaar. Stilweg klop hy homself op die skouer.

‘Waar is Bertus se spaarboekie? ’vra hy. Marilie staan vasgenael teen die muur. ‘Nog ... nog in my handsak’, stotter sy, byt haar lip.

Met een sprong is Ouboet by die tafel waar haar handsak oopgerits

staan. Hy pluk die blou spaarboekie uit, draf na die voordeur en plaas dit onder die deurmat.

‘Sê net ons het nooit die spaarboekie raakgesien nie, hoor jy? Dis mos nie ons skuld nie’. Sy stem is gedemp, amper bevelend.

“Jy doen nie reg nie’. protesteer sy. ‘Almal kan foute maak en...

Voor sy verder kan praat, klop Bertus aan die deur en stap in.

“Hallo, hallo, is julle oukei? Soek net geld, dan skoert ek’, groet hy en voeg windmakerig by. ‘Ek het ’n lekker *date* vanaand’.

Marilie kyk na Ouboet. Hy aarsel ’n oomblik, plooi sy voorkop.

‘Jou geld? Watter geld? Het jy gister jou boekie en strokie gebring’? Ouboet se wenkbroue krul opwaarts, hy draai vraend na Marilie.

‘Nee’, sê Bertus, ‘julle was nie hier nie, ek het alles halfpad onder die deurmat gesit’. Sy oë knip ongelowig, kop nie lekker wat aangaan nie.

Ouboet en Bertus loop terug na die voordeur. Niks is sigbaar nie! Die deurmat word opgelig. Wraggies daar lê die blou spaarboekie! Ouboet tel dit op.

‘Dis nou jammer’, laat hy hoor.

Ouboet sien hoe Bertus die boekie peinsend aangluur terwyl sy ander hand onbewustelik in sy geldsakkie rondvoel. Dessit, die man is *broke* besef hy en dan het hy nog ’n droom *date* aangelê.

‘Dis ’n gatslag’, Bertus skud sy kop – beskou nogmaals die spaarboekie wat so, ongevraagd wegkruipertjie gespeel het. ‘Ek wonner’, sê hy, ’waar is die strokie wat ek binne in gesit het’?

Ouboet begin in die spaarboekie rondblaai. Dis eienaardig, dink hy, waar is die vervloekste strokie nou – daar was beslis gisteraand een. Hy verskerp sy soektog, trek die boekie nader om beter te kan kyk. Die naakte waarheid tref hom skielik. Ouboet se ingewande ruk en hy word yskoud, dis of hy die laaste bevel aan ’n vuurpeleton hoor. Oeps! Want sien die blou spaarboekie in sy hande behoort aan Marilie!

Die daaropvolgende stilte sou boekdele vul.Eers tree stomheid in, toe keer lewe skaamrooi terug gevolg deur skuldgevoel, verleentheid, verduideliking, en verskoning. Terwyl Ouboet steier tussen skaamte en witvoetjie soek benut Bertus die geleentheid om hom van alle kontant te beroof. Bertus is duidelik hoog in sy noppies toe hy vertrek, opgewen vir opwinding en duidelik oortuig hy het genoeg fondse om sy reputasie ’n hupstoot te gee.

Ouboet en Marilie bly platsak tuis – vermaak ontbreek maar daar is sommer baie kans vir nabetragting en nuwe voornemens.

Ouboet bepeins alles. Slim mense sê in gevaarlike situasies maak jy instinktief ’n keuse tussen veg of vlug. Almal maak tog foute! Waarom is dit so moeilik om altyd eerlik te wees, terwyl dit so maklik is om te lieg.

Ouboet sug. Wat dryf jou reaksie as jy in ’n hoek vasgekeer voel? Dit behoort tog daardie waardes te wees wat jy respekteer, kan en wil handhaaf. Nou besef hy dis trots, vrees en eie belang wat van oneerlikheid ’n aanloklike keuse maak. Te gou ontneem ons die waarheid ’n regverdige veg kans...

EINDE